BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# GEHEIME VIR GESONDE VERHOUDINGS

## Deel 5 – Krag Onder Beheer

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Hoe sou jy die woorde "sagmoedigheid" en "beskeidenheid" definieer? Dink jy die meeste mense assosieer dit met krag? Verduidelik.**

---

---

---

**Watter prentjie het jy van Jesus gehad soos jy groot geword het? Het jy aan Hom as 'n sterk, fisiese man gedink? Wat het jou prentjie van Hom beïnvloed? Verduidelik.**

---

---

---

**Wat is jou algemene reaksie wanneer mense jou teleurstel, van jou verskil of jou seermaak? Hoe reageer jy? Hoe hanteer jy daardie situasies in verskillende verhoudings? Sien jy dit as geleenthede vir sagmoedigheid?**

---

---

---

**In die preek is genoem dat sagmoedigheid tot respek kan lei. Stem jy daarmee saam? Verduidelik jou antwoord.**

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Spreuke 15:1. Wat is jou natuurlike reaksie in konflik – 'n sagte antwoord of aanvallig? Hoe kan jy jouself aan hierdie versie se waarheid herinner?**

**Spreuke 25:15. Hoe kan jy hierdie beginsel in jou verhoudings met kollegas toepas?**

**Efesiërs 4:1-3. Noem en lys die ses dinge wat in hierdie verse genoem word wat van Christene verwag word.**

**Hoekom dink jy is eenheid so belangrik in verhoudings? Wat dink jy is die verskil tussen eenheid en eenvormigheid?**

**Wat dink jy beteken dit om mekaar te verdra in liefde volgens vers 2? Hoe kan sagmoedigheid daartoe bydra?**

**Jakobus 3:16 en 4:1. Wat is die oorsaak van konflik volgens hierdie verse? Dink terug aan jou laaste konflik met mense – watter van hierdie redes het gegeld?**

**Lees Matteus 11:28-29. In watter verhoudings of areas van jou lewe het jy rus nodig? Skryf 'n gebed neer waar jy hierdie aspekte oorgee, asook jou eie krag en potensiaal onder sy beheer plaas. Vra die Here hoe jy sagmoedigheid in hierdie situasies kan toepas.**

**Lees 1 Petrus 3:15-16. Skryf die name van 'n paar ongelowige vriende, kollegas of familie neer. Vra die Here dat Hy hulle na Hom sal trek. Vra die Here vir geleenthede waar jy met hulle kan praat en verduidelik van die hoop wat jy het. Probeer jou getuienis neerskryf in minder as 150 woorde wat jy met hulle sou wou deel.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**